

HOOFSTUK 2

ENKELE PRAKTIESE IMPLIKASIES

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Aangesien Skrifbeginsels vasstaan, moet die kerk besin oor hoe hierdie Skrifbeginsels in alle praktiese omstandighede tot uitdrukking gebring moet word. Die praktiese toepassing van Skrifbeginsels, sal noodwendig spanning tussen beginsels en praktyk meebring . Wanneer sodanige spanning ontstaan, moet die nodige pastorale bewoënhed aan die dag gele word. Dit mag egter nie lei tot 'n afwatering van die Skrifgetuienis nie. **231**

2. DIE NED Geref KERK EN DIE KERKLIKE SITUASIE IN SUIDER-AFRIKA

2.1 Die Ned Geref Kerk as deel van die volk van God

Die Ned Geref Kerk bely dat hy 'n deel vorm van die unieke, heilige en uitverkore eiendomsvolk en gemeente wat die Seun van God deur sy Woord en Gees uit die ganse menslike geslag vir Hom vergader (Heid Kat Sondag 21). Daarom beskou hy homself, ondanks al sy gebrekkigheid en sondigheid, as ware openbaring van die kerk van Christus in hierdie land, wat geroep is om in sy bestaan al die eienskappe en kenmerke van die ware kerk tot uitdrukking te laat kom (NGB Art 27 - 29) **232**

2.2 Die Ned Geref Kerk en die Familie van Ned Geref Kerke

Die Ned Geref Kerk met sy Westerse herkoms en tradisie het sedert die vorige eeu deur sy sendingaksie 'n beleid van afsonderlike kerkplanting vir bekeerlinge uit die inheemse bevolking van Afrika en uit ander kulturele groeperinge gevolg . Daardeur het die uitgebreide familie van Ned Geref Kerke soos dit vandag bestaan , tot stand gekom. **233**

Die kerke van hierdie Familie is kragtens hulle historiese verbondenheid in 'n gemeenskaplike oorsprong, hulle gemeenskaplike geloof in en – verbondenheid aan die-selfde Here en sy Woord, en kragtens die erkenning van dieselfde gereformeerde belydenis en kerkregering, wesenlik een. **234**

Hoewel hierdie kerke institutêr onderskeie is, roep die belydenis van die eenheid van die kerk hulle daartoe op om, as 'n saak van die grootste erns en in ooreen-stemming met die gereformeerde sinodaal-presbiteriale opvatting van kerkverband, aan hulle wesenlike eenheid 'n vollediger sigbare uitdrukking te gee. **235**

Die Ned Geref Kerk onderskryf die ideaal van één kerkvêrband tussen die Familie van Ned Geref Kerke. Die strukture waarin hierdie eenheid gestalte **236**

moet kry, is in hierdie stadium nog nie duidelik nie, maar word langs die weg van gesprekke met belanghebbendes uitgewerk. Binne hierdie strukture word rekening gehou met bedieningsbehoefte, dit wil se met die regmatige vorme van verskeidenheid ten opsigte van taal, kultuur en liturgie.

Aangesien veranderde gesindhede die wegbereider moet wees vir veranderde strukture en nie andersom nie, roep die Ned Geref Kerk sy lidmate op om hulle te beywer vir groter begrip vir mekaar en onderlinge liefde. **237**

Die volgende kerke, waarvan vier in die RSA is, het uit die Ned Geref Kerk ontstaan: **238**

Hulle is in die volgorde van hulle ontstaan:

1. Die Ned Geref Sendingkerk in SA	1881
2. Die Ned Geref Kerk in Afrika: OVS	1910
Transvaal	1931
Kaap	1951
Natal	1952
Algemene Sinode	1962
3. Reformed Church in Zambia	1943
4. Reformed Church in Zimbabwe	1952
5. Church of Central Africa Presbyterian:	1924
Nkhoma Synod (Malawi)	1956
6. Kerk van Christus in die Soedan onder die Tiv	1957
7. Reformed Church of East Africa (Kenya)	1962
8. Church of Central Africa: Presbyterian Harare Synod (Zimbabwe)	1965
9. Reformed Church in Africa	1968
10. Reformed Church in Caprivi	1975
11. Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika	1975
12. Igreja Reformada em Mocambique	1977
13. Dutch Reformed Church in Botswana	1979
14. Eglise Reformee Confessante au Zaïre	1984
15. Igreja Reformada em Portugal	1985

Nota: Die aandag word daarop gevestig dat die datums wat gegee word, die stigtingsdatums van die sinodes is, behalwe in die geval van Caprivi, Portugal en Zaire. In al die ander gevalle is gemeentes lank voor die datums gestig. **239**

Van hulle is die volgende drie nie lede van die Federale Raad van Ned Geref Kerke nie: **240**

* Kerk van Christus in die Soedan onder die Tiv	241
* Reformed Church of East Africa (Kenya)	242
* Eglise Reformee Confessante au Zaire	243

2.3 Die drie Afrikaanse kerke

Die gesprek met die Ned Hervormde Kerk en die Geref Kerke in Suid- Afrika is vir die Ned Geref Kerk 'n saak van besondere erns, omdat die kerk **244**

daarvan oortuig is dat, waar daar basies dieselfde belydenis, kerkregering en liturgie aanwesig is, verskille in spiritualiteit en tradisie nie genoegsame rede is om genoeg te neem met die verskeurdheid van die kerk wat hom ook in hierdie opsig openbaar nie.

2.4 Ekumeniese verhoudings

Ekumeniese verhoudings kom tot stand wanneer kerke deur middel van hulle verteenwoordigers 'n tussenkerklike gesprek voer. Dit kan plaasvind tussen twee of meer kerke op 'n ad hoc of op 'n permanente basis. **245**

Die Ned Geref Kerk handhaaf ekumeniese betrekkinge met kerke van gereformeerde belydenis en kerkregering deur middel van korrespondensie en/of amptelike afvaardigings. **246**

Met ander kerke van algemeen Protestants-Christelike belydenis word ingevolge artikel 71.3 van die Kerkorde skakeling gesoek "in ooreenstemming met die roeping van die kerk om in gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif daarna te streef om die eenheid van die gelowiges prakties te bevorder en te bestendig". **247**

Informele gesprekke oor Bybels-teologiese aangeleenthede is egter moontlik met die kerke en geloofsgroepe waarmee die Ned Geref Kerk geen amptelike ekumeniese betrekkinge het nie. **248**

Die Ned Geref Kerk beywer hom vir lidmaatskap van ekumeniese liggame waarvan die grondslag, doelstellings en die praktiese uitlewing daarvan verenigbaar is met sy eie konfessionele standpunte. **249**

2.5 Toeganklikheid van die Ned Geref Kerkverband

Wanneer gemeentes, ringe of sinodes van gereformeerde belydenis dit sou verkies om by die Ned Geref Kerk in te skakel, kan dit na oorleg met die betrokke kerkvergadering en volgens behoorlike ooreenkoms geskied. **250**

2. DIE NED GEREF KERK EN ENKELE PRAKTIESE AANGELEENTHEDE

3.1 Kerklidmaatskap

Geloof in die God van die Heilige Skrif soos dit in die drie Formuliere van Eenheid tot uitdrukking kom, is die enigste voorwaarde om aan 'n Ned Geref. gemeente as gemeente van die Here Jesus Christus te behoort. **251**

Lidmaatskap van alle Ned Geref gemeentes is oop vir enige gelowige wat die belydenis van hierdie kerk aanvaar. **252**

Die doop van verbondskinders, die kategese, die inskakeling van jongmense en kinders by die gemeentelike werksaamhede, die belydenisaflegging van katkisanter **253**

en die opneem van lid mate uit ander kerke, is in beginsel en praktyk 'n gemeentelike aangeleentheid wat onder die toesig van die kerkraad en in ooreenstemming met die amptelike ordereelings plaasvind.

Die algemene gebruik in die gemeentelike opset is dat gelowiges die Here 254 aanbid en as lid mate ontvang word daar waar vir hulle eie bedieningsbehoefte voorsiening gemaak word.

3.2 Legitimasië en beroepbaarheid van evangeliedienaars

Die Ned Geref Kerk aanvaar dat elke lidkerk in die Familie van Ned Geref 255 Kerke volwaardige bedienaars van die Woord van God oplei en legitimeer.

Die Ned Geref Kerk erken die opleiding, die legitimasië en oor-en-weer 256 beroepbaarheid van evangeliedienaars binne die Familie van Ned Geref Kerke .

3.3 Besoekers en gesamentlike byeenkomste

Die oorweging dat die kerk 'n "evangelieverkondigende gemeenskap" is, 257 impliseer dat lidmate en ampsdraers dankbaar elke geleentheid, hetsy op persoonlike vlak deur getuienislewering of op amptelike vlak deur open bare verkondiging, moet aangryp om die Woord aan alle mense te verkondig. Hieruit volg dat eredienste en ander byeenkomste toeganklik is vir alle besoekers wat begeer om in gemeenskap met ander gelowiges na die Woord te luister.

Waar taal- en kultuurverskille die sinvolle kommunikasie van die evangelie 258 bemoeilik, kan afsonderlike voorsiening gemaak word vir die bedieningsbehoefte van gereelde besoekers, onder meer deur die beskikbaarstelling van kerkgeboue of dergelike fasiliteite.

Dit is van die grootste belang dat gemeentes sal streef na 'n hegte eenheid 259 tussen die lidmate en gemeentes van die Ned Geref Kerkfamilie. Kerkrade behoort hierin die inisiatief te neem.

Gesamentlike nagmaalsviering binne die familie van Ned Geref Kerke en met 260 kerke van gereformeerde belydenis, word deur die betrokke kerkrade langs die weg van onderlinge oorlegpleging gereël.

Elke kerkraad handel in die lig van die Kerkorde en sinodale besluite ten 261 opsigte van toelating van besoekers by die nagmaal.

Weens die besondere betekenis van die nagmaal vir die beoefening van die 262 gemeenskap van die gelowiges, kan dergelike gesamentlike byeenkomste tot groot seen wees.

4. DIE TAAK VAN DIE NED GEREF KERK IN SUIDELIKE AFRIKA

4.1 Die Ned Geref Kerk en sending

In die praktiese sendingsituasie van die Ned Geref Kerk is daar in Suid-Afrika nie meer 'n gebied waar een of meer van die ander lede van die Ned. Geref Kerkfamilie nie ook is nie. Tog is daar onder die verskillende bevolkingsgroepe nog 'n aansienlike onvoltooide sendingtaak. Hierdie oorblywende sendingtaak onder die sogenaamde onbereikte groepe, moet as die gesamentlike verantwoordelikheid van die onderskeie kerke gesien word en moet op kerkraads, rings- en sinodale vlak gereël word. Ruimte moet vir praktiese deelname van gelowiges gemaak word. **263**

4.2 Die Ned Geref Kerk en diens van barmhartigheid

Die gemeente(s) moet op 'n georganiseerde wyse sorg vir die strukture, personeel, toe rusting en organisasies wat nodig is om die werk van die diakonieë onder toesig van die kerkraad aan sy doel te laat beantwoord. **264**

Ofskoon die barmhartigheidsdiens primer in die eie gemeente begin, moet dit ook uitkring tot ander kerke en tot alle mense in nood, afgesien van geloof, ras, kleur, taal of stand. Ekumeniese kana le moet gevind word om selfs in die sin van 'n wêrelddiakonaat na ander kerke en hulle lidmate uit te reik. **265**

Naas die kerk het ook die owerheid en private welsynsorganisasies 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die algemene welsyn van sy onderdane. Samewerking moet deurgaans deur al die betrokke instansies nagestreef word. **266**

'n Aspek van die owerheid se taak in hierdie verband is om welsynswetgewing op te stel. Aangesien hierdie soort wetgewing 'n sosiaal-etiese basis het (vgl huweliks-, gesins-, kindersorg- en ander wetgewing), is die kerk ten nouste hiermee gemoeid. Die kerk moet in staat en bereid wees om reeds by die voorbereiding van konsepwetgewing en die uitbreidende regulasies wat daarmee verband hou, grondig en indringend sy insette te lewer. **267**

Die barmhartigheidsdienste moet die volle spektrum van voorkoming, versorging en nasorg dek. Daar mag nie net gelet word op die simptome van die nood of op die hulp van die sorgbehoewende nie, maar daar moet veral gekyk word na die **oorsake** van die nood. Die oorsake kan geleë wees in die persoon self, in die optrede van die owerheid of in die wyse waarop die sosiaalekonomiese strukture ingerig is, veral in die sektore van arbeid en nywerheid. In hierdie en dergelike gevalle moet die kerk sy profetiese getuienis laat hoor. **268**

Die kerk moet hom steeds positief beywer vir 'n nuwe ruimte en bedeling waar die oorsake van die nood uitgeskakel kan word en waar aan elkeen die geleentheid gebied kan word om sy volle potensiaal in Christus te verwesenlik. **269**

Waar die kerk in hierdie opsig geroep word om die goeie aan te prys en die verkeerde te bestraf, mag hy hom nie tot rewolusionêre optredes laat verlei **270**

nie. Die styl van die kerk is nie "deur krag of geweld" nie, maar "deur die Gees van God".

5. DIE NED GEREF KERK EN ANDER LEWENSVERBANDE

5.1 Die Ned Geref Kerk en die Afrikanervolk

Hoewel daar 'n innige verbondenheid tussen die Ned Geref Kerk en die Afrikanervolk bestaan, beskou die Ned Geref Kerk homself nie as 'n volkskerk in die sin dat kerk en volk met mekaar vereenselwig word nie. **271**

Die Ned Geref Kerk erken die goeie reg van liefde vir die eie volk en die eie kultuurwaardes, maar beklemtoon dat hierdie liefde gel outer moet wees deur die liefde vir Christus en sy koninkryk wat alle ander liefdes en lojaliteite in ons bestaan te bowe gaan en in perspektief plaas (vgl1 Kor. 7:29-35). Liefde vir die eie mag nooit eksklusief wees en die waardering vir ander se waardes en kultuur in die gedrang bring nie. **272**

Verabsoluttering van die eie lei tot diskriminasie teenoor andere en moet veral in 'n land waarin 'n verskeidenheid van gemeenskappe met hulle eie kultuurgoedere en waardes saam moet lewe, tot verontregting lei. Aan alle mense moet die vryheid gegun word om hulleself uit te lewe binne hulle eie kulturele milieu, sonder dat dit ten koste van andere geskied . Hier geld in die besonder die woord van Christus: "Alles wat julle wil he dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete" (Matt 7: 12). **273**

5.2 Die Ned Geref Kerk en politieke modelle

In die bepaling van die rol van die kerk ten opsigte van die politiek, moet rekening gehou word met die feit dat die Skrif geen politieke handboek is waaruit konkrete politieke modelle afgelei kan word nie. **274**

Die Skrif verkondig wei norme en beginsels soos liefde, geregtigheid, menswaardigheid en vrede wat in die samelewing beliggaam moet word. Die kerk sal dus nie politieke modelle aan die owerheid mag voorskryf nie, maar kragtens sy profetiese funksie sal die kerk voortgaan om elke bestaande en voorgestelde politieke model aan die Bybelse beginsels en norme te toets. **275**

By die beoordeling van politieke modelle is daar altyd 'n sterk subjektiewe faktor aanwesig. Daarom verskil kerke en Christene dikwels met mekaar in hulle beoordeling van 'n bepaalde model. Dit hang ook dikwels saam met die verskille in hulle ervaring daarvan, en in die besonder met die wyse waarop hulle persoonlike of groepsbelange daardeur geraak word. Ten einde so objektief as moontlik oor 'n politieke model te kan oordeel, moet die kerk nie net teoreties daarna kyk nie, maar ook vra na die praktiese wyse waarop die belange van die hele samelewing daardeur gedien word . **276**

Die oordeel van ander kerke, in die besonder kerke wat diegene verteenwoordig wat negatief deur die politieke opset geraak word, moet ook daarby oorweeg word. **277**

In die beoordeling van **apartheid** staan die kerk voor sterk en emosie-belaaide verskille. Terwyl 'n deel van die blanke bevolking dit sien as 'n regverdige weg om die identiteit en die beste belange van die verskillende bevolkingsgroepe in die land te beveilig, sien andere dit as 'n rassistiese en onderdrukkende stelsel wat die belange van die blanke minderheid ten koste van die van die meerderheid van die bevolking beskerm en bevorder. Talle kerke veroordeel dit gevolglik as onchristelik en sondig. Apartheid word ook wêreldwyd deur state en politieke instansies as 'n vorm van rassisme en 'n vergryp teen die mensheid veroordeel. **278**

Die Ned Geref Kerk is daarvan bewus dat die ideaal en beleid van apartheid oor 'n lang periode in ons geskiedenis vorm en beslag gekry het. Daar was ook eerlike en opregte bedoelings by betrokke ten opsigte van die optimale ontwikkeling van alle bevolkingsgroepe binne hulle eie kulturele tradisie. **279**

Dit sou ook onbillik wees om alles wat binne die politieke bestel van apartheid plaasgevind het, as verkeerd en sleg te bestempel en die positiewe ontwikkelinge wat daar wei op verskeie terreine was, te ontken. **280**

In beginsel moet die reg en vryheid van volkere om hulle eie kulturele en ander waardes te bewaar en te bevorder, erken word as behorende tot die reg van die mens, mits die regte en vryhede van andere nie daardeur aangetas word en die Bybelse eise van naasteliefde en die aanvaarding van die medemens nie in gedrang gebring word nie. **281**

Die Ned Geref Kerk erken egter dat hy te lank die beleid van apartheid op grond van bogenoemde oorwegings te abstrak en teoreties, en daarom ook te onkrities beoordeel het. Die Ned Geref Kerk het nie genoegsaam oog daarvoor gehad dat apartheid as stelsel onder andere ook in sy stryd teen integrasie 'n ideologiese en etnosentriese basis gekry het nie. Die reg en vryheid om aan die eie kulturele erfenis getrou te bly, is tot 'n politieke ideologie van apartheid uitgebou as 'n sisteem vir die beskerming van die eie be lange van die blanke minderheid ten koste van die van andere. Liefde vir die eie het meermale die vorm van rassisme aangeneem en daaraan is wetlike en strukturele uitdrukkingsvorme gegee. **282**

Terwyl die Ned Geref Kerk deur die jare ernstig en volhardend gesoek het na die wil van die Here in sy Woord vir ons samelewing, het die kerk gefouteer deur toe te laat dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke in sy kring selfs as 'n Bybelse eis gesien is. Die Ned Geref Kerk moes hom al baie vroeër duidelik van die siening gedistansieer het, en erken en bely sy versuim. **283**

Eers gaandeweg het dit vir die Ned Geref Kerk duidelik geword dat die beleid van apartheid as politieke sisteem in die praktyk veel verder gaan as die erkenning van die reg en vryheid van alle mense en kulturele groepe om aan hulle eie waardes getrou te mag bly. Apartheid het op so 'n wyse begin funksioneer dat die grootste deel van die landsbevolking dit ervaar het as 'n onderdrukkende **284**

sisteem wat deur gedwonge skeiding tussen mense in werklikheid een groep onregmatig bo die ander bevoordeel. 50 het dit die menswaardigheid van die medemens aangetas en in stryd gekom met die beginsels van liefde en geregtigheid.

Enige sisteem wat in die praktyk so funksioneer, is in die lig van die Skrif en die Christelike gewete onaanvaarbaar en moet as sondig van die hand gewys word. Enige poging van 'n kerk om so 'n sisteem Bybels-eties te probeer verdedig, moet as 'n ernstige dwaling beskou word, dit wil se as in stryd met die Bybel. **285**

Die Ned Geref Kerk wil dit duidelik stel dat hy alle vorme van diskriminasie en die onderdrukking van mense veroordeel en van harte begeer dat almal vry sal wees, sal deel in die voorregte van hulle vaderland en billike en gelyke geleenthede sal ontvang om voorspoed en rykdom te verwerf. **286**

Die kerk het veral deernis met die armoede en lyding van groot getalle mense in ons land en verklaar hom bereid om op kerklike wyse mee te werk aan pogings om die bestaande nood te lenig en 'n beter toekoms vir alle mense in ons land moontlik te maak. **287**

Die kerk is egter daarvan oortuig dat 'n bevredigende politieke oplossing noodsaaklik is vir die maatskaplike probleme wat tans bestaan, en dring daarom by alle politieke leiers daarop aan om in verantwoordelikheid mee te werk aan die vind van 'n politieke bestel wat vir almal vryheid, geregtigheid en 'n menswaardige bestaan sal meebring. **288**

5.3 Die Ned Geref Kerk en die owerheid

Onder die voorsienige leiding van God het daar in die wêreld verskillende state tot stand gekom. Die owerheid of regering van 'n staat wat die politieke bestel daarvan bepaal, en deur 'n billike en regverdige proses van verkiesing daargestel word, mag nie met die staat self gelyk gestel word nie. **289**

Dit is die taak en roeping van die owerheid, as dienaar van God, om te sorg vir vrede, rus, geregtigheid en die welsyn van al sy onderdane. Die owerheid is die enigste instansie wat van God die reg ontvang het om van swaardmag gebruik te maak in die uitoefening van sy roeping. Dit impliseer onder andere en vera l dat die owerheid die ruimte sal skeep waarbinne dit vir die ware kerk van Jesus Christus moontlik gemaak sal word om deur mid del van die Woordverkondiging alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan, die ryk van die Antichris te bestry en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder. **290**

Die owerheid het die plig om die staat te verdedig ten einde die vrede te bewaar. Daarom moet 'n weermag en 'n polisiemag in stand gehou word. Dit beteken dat die owerheid die reg het om desnoods diensplig in te stel en gelowiges is verplig om ten opsigte hiervan aan die staat gehoorsaam te wees. Voorsiening moet egter vir alternatiewe diensplig gemaak word. **291**

- Dit word van gelowiges verwag om as deel van hulle Christelike lewenswandel die owerheid te gehoorsaam in alle sake wat nie met die Woord van God bots nie. Die Ned Geref Kerk as instituut onderwerp hom aan die gesag en wette van die staat in soverre hierdie wette nie met die Woord van God in stryd is nie. **292**
- Die Woord van God moet ook aan owerheidspersone en gesag bekleërs verkondig word. Hulle aandag moet gevestig word op die Skriftuurlike norme ten opsigte van menseverhoudinge, groepsverhoudinge, reg en geregtigheid, orde en vrede en die owerheid se taak in hierdie verband. **293**
- Dit is noodsaaklik dat die Ned Geref Kerk sy getuienis ook moet lewer wanneer die owerheid wetgewing en maatreëls met godsdienstig-etiese aspekte en implikasies oorweeg. **294**
- Enige poging om rewolusie, gewelddadige opstand en terrorisme ideologies te steun of om daaraan mee te werk, moet as onskriftuurlik afgewys word. Vir Christene is geweld onaanvaarbaar, ook geweld wat gebruik word om politieke veranderinge teweeg te bring. Die Heilige Skrif roep gelowiges daarenteen op om vredemakers te wees. **295**
- Dit is 'n Christen se plig om hom te verset teen onchristelike wette en staatspraktyke, teen 'n goddelose regering en teen alle vorms van onreg in die samelewing. In hierdie verset is die Christen daartoe geroepe om tot die uiterste toe, selfs onder groot provokasie, 'n weg van nie-gewelddadige protes te bewandel, wat op verskillende maniere deur woord en daad tot uitdrukking kan kom. In die gereformeerde tradisie is erkenning verleen aan die reg tot opstand as 'n hoogs uitsonderlike en uiterste maatreël in 'n situasie van onhoudbare onderdrukking en onreg. In aansluiting hierby is dit die standpunt van die Ned Geref Kerk dat Christene alle geweld moet vermy, omdat die gevolge daarvan onberekenbaar is en dit die situasie meestal eerder vererger as verbeter. **296**
- Die Bybelse eis vir versoening tussen mense impliseer dat daar kanale vir doeltreffende kommunikasie en raadpleging geskep moet word, veral in 'n veelvolkige situasie waar daar dikwels kommunikasieprobleme bestaan, sodat probleme op 'n vreedsame wyse opgelos kan word. **297**
- Die Ned Geref Kerk wil by die owerheid daarop aandring om belangrike beslissings wat die verskillende bevolkingsgroepe raak, steeds in onderlinge oorleg met hulle te neem. **298**
- Die weerhouding van politieke mondigheid en regte van enige deel van die bevolking kan nie geregverdig word nie. **299**
- Die owerheid word versoek om voortdurend te waak teen alle maatreëls wat kan lei tot onreg en diskriminasie en wat as kwetsend en mens-onwaardig ervaar word. **300**

Die beginsel van godsdiensvryheid moet steeds gehandhaaf word. Dit hou in dat die owerheid onpartydig moet staan teenoor alle kerke en gelowe, dat daar ruimte geskep moet word dat die kerk sonder staatsinmenging met sy arbeid kan voortgaan en dat daar teen niemand gediskrimineer mag word op grond van geloofsoortuigings nie. **301**

Alhoewel dit van die owerheid verwag word om onpartydig teenoor alle kerke en gelowe te staan, behoort met name 'n Christelike regering die beginsels van die Bybel in ag te neem in al sy doen en late. **302**

5.4 Die Ned Geref Kerk en die samelewing

* Die kerk het die roeping om die eise van die koninkryk van God aan al die samelewingsverbande te verkondig . Daarom het die kerk 'n besondere taak ten opsigte van onder andere die huwelik en gesin, maatskappy en owerheid, onderwys en opvoeding. **303**

* Hierdie taak van die kerk impliseer vir geen oomblik dat hy die sosiopolitieke klimaat en opset van 'n samelewing moet bepaal of moet programmeer nie. Die kerk se taak is om die Bybelse beginsels vir die samelewing duidelik en helder te formuleer en heersende gedragspatrone, sosiale instellings en selfs wetgewing in die lig daarvan konkreet te beoordeel. Dit is egter van die grootste belang dat die kerk hom in sy profetiese getuienis sal vergewis van die feite van elke saak wat hy beoordeel. **304**

* In gehoorsaamheid aan die Skrif was dit vir die Ned Geref Kerk nog altyd 'n saak van die grootste erns om sy lidmate op te roep om hulle naaste raak te sien, na hulle te luister, met hulle te praat en om hulle te help. Hierdie openheid vir die ander is 'n openheid wat God self deur sy Woord in die lewe van die gelowige skep. **305**

* Die Ned Geref Kerk roep ook met dankbaarheid die groot mate van welwillendheid en goeie gesindheid in gedagte wat op verskillende vlakke in die verhoudings tussen bevolkingsgroepe opgebou is, sowel as die deernis wat bewys is in die vorm van inrigtingsorg vir blindes, dowes, gestremdes, siekes, ens. **306**

* Waar hierdie onderlinge begrip en diens as gevolg van onwilligheid en ongehoorsaamheid by die lidmate en ampsdraers afsonderlik of by die kerk en gemeentes gesamentlik nie genoegsaam tot sy reg gekom het nie, moet hulle dit as skuld voor God bely. **307**

5.4.1 Taak van die kerk ten opsigte van die gesin

* Die noodsaaklikheid van 'n gesonde gesinslewe is die duidelike boodskap van die Skrif. Daarom is dit vir die kerk 'n bron van ernstige kommer wanneer onsekerheid ten opsigte van permanente verblyf, waar gemeenskappe ontwortel word, onvoldoende huisvesting, werkloosheid, skamele lone, onoordeelkundige finansiële besteding, gebrek aan behoorlike onderwysfasiliteite, **308**

maar ook werkskuheid en gebrek aan persoonlike verantwoordelikheid, faktore word wat ontwrigtend inwerk op 'n gesonde en stabiele gesinslewe. Dit is knelpunte wat die voortgesette aandag en optrede van die kerk, staat en maatskaplike instellings verg.

5.4.2 Taak van die kerk ten opsigte van die maatskappy

* Die kerk het 'n omvattende opvoedingstaak ten opsigte van 'n arbeidsbeskouing wat op die Skrif gegrond is. As aktiwiteit waartoe God die mens roep en wat gerig is op sy eie lewensonderhoud, op algemene lewensontploffing en op die heil van sy naaste, is arbeid deel van die mens se konkrete diens aan God. Dit behoort derhalwe tot die etiese sin van arbeid dat dit uit vrye instemming, volgens vrye keuse en uit verantwoordelike sin as plig verrig word. **309**

* God het die mens tot arbeid verplig. Die mens het dus die opdrag tot en die reg op arbeid en hierdie reg stel die mens formeel in staat om sy verpligtinge, dit wil S8 sy roeping, te vervul. Daarom kan as norme vir die Christelike arbeidsetiek in 'n heterogene bevolkingsamestelling soos die in die RSA onder andere die volgende genoem word: **310**

o regverdige lone gebaseer op die aard van die arbeid self, die bekwaamheid vir die arbeid en op die vereistes vir 'n menswaardige bestaan; **311**

o gelyke lone vir gelyke arbeid en arbeidsprestasie; **312**

o gelyke geleenthede vir gelyke werksmoontlikhede; **313**

o regte van alle werknemers ten opsigte van voldoende fasiliteite in werkplekke, so os eetgeleenthede, ontspanningslokale, ens; **314**

o ope arbeidskeuse wat 'n diskriminerende beleid van arbeidsreservering waar 'n ongelyke behandeling van individu of groepe op grond van kleur en kultuur toegepas word, uitsluit; **315**

o toegang tot vakbonde wat met verantwoordelikheid optree en ander verteenwoordigende arbeidsliggame waar die arbeider sy reg om 'n menswaardige loon, gunstige werksomstandighede en arbeidsekuriteit kan beding; **316**

Odie werkgewer het egter ewe-eens die reg om van sy werknemer 'n teenprestasie van produktiewe arbeid en betroubaarheid te verwag; **317**

o werkstaking wat 'n stabiele ekonomie benadeel en menselyding veroorsaak, word veroordeel. **318**

Die ekonomiese waarde van trekarbeid of, soos dit ook genoem word, kontrakarbeid of seisoenarbeid, kan nie ontken word nie. Aan die ander kant veroorsaak dit 'n ongesonde wisseling van arbeid, bemoeilik dit skoling vir 'n bepaalde groep, vertraag dit ekonomiese ontwikkeling van 'n sterk middelklas, **319**

maar is dit veral 'n disintegrerende faktor vir die huweliks- en gesinslewe en 'n aftakeling van die morele lewe. Vanweë hierdie ontwrigtende uitwerking, behoort dit sover moontlik uitgeskakel of tot die minimum beperk te word.

Ten nouste aan arbeid verbonde is **eiendom**, en daarmee saam rykdom en armoede. Terwyl eiendom in die Skrif as 'n gawe van God gesien word, word ernstig gewaarsku teen 'n binding aan en 'n obsessie met rykdom waardeur laasgenoemde tot 'n afgod word en die mens die Gewer van gawes nie meer raaksien nie, maar die gawe in die plek van die Gewer stel en afgodies vereer. Ten einde die hart van die mens vry te hou vir sy Skepper, moet die mens gewaarsku word teen alles wat beslag kan lê op sy hart. Die mens moet immers ook ten opsigte van sy eiendom heer bly en nie slaaf word nie. **320**

Alhoewel dit duidelik gestel moet word dat elke mens die reg het op die instandhouding van sy lewe, en dus op die basiese middele van voedsel, kleding en huisvesting, en dus ook op arbeid as middel om die dinge te verkry, beteken hierdie regte nie noodwendig universele gelykheid van besit nie. Terwyl almal die reg op basiese lewensonderhoud het, is dit binne die korrelasie van arbeid en loon en gelyke geleenthede vir elkeen ook in beginsel moontlik om deur talente, inisiatief en werkywer sy posisie te verbeter. **321**

In die lig van die taak van die kerk teenoor die samelewing wil die Ned Geref Kerk – **322**

o hom voortdurend beywer vir die toepassing van die norme van liefde, eerbied vir mekaar, geregtigheid en versoening in die samelewing; **323**

o hom ook beywer vir 'n gesonde en stabiele gesinslewe vir alle groepe in die samelewing, en aandag gee aan alle faktore wat dit mag belemmer; **324**

Odie noodsaaklikheid van die daarstelling van 'n billike sosio-ekonomiese bestel vir almal in die samelewing beklemtoon; **325**

Odie aandag vestig op die belangrikheid van 'n gesonde Bybelse arbeidsbeskouing en arbeidsbedeling met alles wat daarmee saamhang. **326**

5.5 Die Ned Geref Kerk en die huwelik in 'n multikulturele samelewing

* Die huwelik tussen twee mense wat geslagtelik van mekaar verskil, mekaar liefhet en by mekaar pas, is 'n uiters belangrike samelewingsverband waarby ook die kerk, net so os die familie, die gemeenskap en die staat belang het en juis daarom sou 'n meesprekende woord deur al hierdie instansies verwelkom word. **327**

* Die kerk getuig dus met beslistheid en erns vir die heiligheid en prinsipiële onverbreekbaarheid van die huwelik as deel van God se oorspronklike bedoeling met die mens, en verwerp daarom alle vorms van egbreuk en homoseksuele verbintnisse. **328**

* Die kerk waarsku ten sterkste teen geloofs- en godsdienstig-gemengde huwelike en versoek al sy leraars om deur middel van huwelikskategese paartjies voortdurend op die gevaar van sodanige huwelike vir die geloofslewe te wys. **329**

* Die Skrif verbied nie rasgemengde huwelike nie. Die kerk moet egter in sy pastorale arbeid daarteen waarsku dat maatskaplike omstandighede, lewens en wereldbeskoulike, kulturele, sosio-ekonomiese en ander dergelike verskille en faktore ernstige spanninge kan veroorsaak. Waar sulke huwelike wei plaasvind, moet hulle pastoraal in al die fasette van die huwelik begelei word. **330**

5.6 Die Ned Geref Kerk en onderwys en opvoeding

Die Christelike karakter wat die onderwys in Suid-Afrika reeds vir baie jare het, is vir die Ned Geref Kerk van groot belang. **331**

Met "Christelike onderwys" word bedoel dat -die onderrig in skole steeds rekening moet hou met die Bybel en die Christelike beginsels, dat Bybelonderrig steeds die nodige aandag ontvang en dat die geloof van kinders uit Christelike huise opgebou en gesteun moet word in plaas van om afgebreek en weerspreek te word. **332**

Die beginsel van godsdienstvryheid mag nooit buite rekening gelaat word nie. Daarom moet die geloofsoortuigings van ouers geëerbiedig word ten opsigte van godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede. Dit hou in dat ouers die reg mag opeis dat hulle kinders hulle godsdienste tydens skooltyd en in die skoolgeboue mag beoefen. **333**

Die onderwys van alle kinders behoort gelykwaardig te wees. Almal behoort ook geleentheid te he om onderrig te ontvang in die kultuuridroom waarin hulle tuis is. **334**

6. Slotopmerkings

Die Ned Geref Kerk is terdeë daarvan bewus dat hy nie die volle waarheid in pag het nie. Ons kennis is maar ten dele en ons profeteer ten dele. Die uitsprake wat in hierdie getuienis aangaande kerk en samelewing gedoen word, is daarom ook nie bedoel as finale uitsprake nie, al is dit die beste waartoe ons tans in staat is. Die Ned Geref Kerk verwelkom die kritiek en wenke van sy eie lidmate en van ander kerke en Christene wat bereid is om daarvoor met hom in gesprek te tree. Omdat die Ned Geref Kerk besef watter skadelike uitwerking isolasie op die geestelike lewe van die kerk kan he, is dit vir hom belangrik om ook van ander Christene en kerke te leer. Deur die geestelike kontak met almal wat die Naam van Jesus Christus liefhet, word ons gehelp om die dinge waarop dit werklik aankom, beter te onderskei (Fil. 1 :9). **335**

Die Ned Geref Kerk verkeer diep onder die indruk daarvan dat ons tans moeilike en beslissende tye in die geskiedenis van ons land beleef. Groot veranderinge is besig om hulleself in ons land te voltrek. In die lig van die situasie waarin ons verkeer, is dit onvermydelik dat daar veranderinge moet kom. Dit is egter noodsaaklik dat dit veranderinge ten goede sal wees. Daarom bid die kerk vir alle mense in ons land, vir owerheid en onderdaan, en pleit hy by God dat daar 'n politieke weg gevind sal kan word wat tot die voordeel en beswil van almal in die land sal wees. **336**

Die Ned Geref Kerk wil homself opnuut daartoe verbind om die eer van God en die heil van alle mense te soek. Deur woord en optrede wil hy graag daaraan meewerk dat daar in ons land deur Gods genade 'n toestand van geregtigheid en vrede tot stand sal kom, sodat alle inwoners van ons land 'n rustige en stillewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil he dat alle mense gered moet word en tot kennis van die waarheid kom (1 Tim 2:2-4). Mag God ons daartoe in staat stel om as sy kinders ons gedagtes te rig op alles wat waar is, wat edel is, wat reg is, wat rein is, wat mooi is en wat prysenswaardig is (Fil 4:8). Mag Hy ons vrymaak om ons allereers te beywer vir die Koninkryk en vir die wil van God, in die sekerheid dat Hy sal sorg vir al die ander dinge wat ons nodig het (Matt 6:33). **337**